



TRUI

BENODIGDHEDE: Ongeveer 75 g Fiesta 4-draad (50-g-bolle); breinaalde van 3 mm; 3 knope; 'n paar gram elk geel en bruin bypassende garing om mee te borduur; 'n borduurnaald.

MATE: Om borsmaat van ongeveer 56 cm te pas.

SPANNING: 28 steke en 36 rye = 10 x 10

cm oor koussteek met 3-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; vlg - volgende; weersk - weerskante; ks - koussteek (een ry regs, een ry aweregs); gedraaide rif (riffelsteek, maar steek breinaald in agterkant van steek in); ms - mossteek (een regs, een aweregs en verspring in volgende ry).

AGTERPANT: Stel 55 steke op en brei 5 cm gedraaide rif.

Slaan oor na koussteek en brei tot werk 24,5 cm lank is. Heg af.

VOORPANT: Stel 55 steke op en brei 5 cm gedraaide rif.

Slaan oor na koussteek en brei 30 rye.

Verdeel vir halsopening: r23, heg 9 ste af, r 23.

Brei 27 rye op laaste 23 steke.

Halsvorming: Heg aan halsrand 4 steke af. Vermin in volgende rye nog 6 keer 1 steek aan halsrand.

'n Ketelpakkie en truitjie,
albei met 'n geborduurde
kameelperd versier, sal
aangename tydverdryf
wees vir die breier, en die
outjie wat dit dra, kan ver-
seker wees van 'n hele
paar komplimente

Brei 10 rye koussteek reguit.
Heg oorblywende 13 steke af vir skouer.
Brei tweede skouer op dieselfde manier, al
die vormings omgekeerd.

MOUE (2): Stel 39 steke op en brei 10 rye
gedraaide riffelsteek.

Slaan oor na koussteek en vermeerder 1
steek aan weerskante van volgende en elke
daaropvolgende 10e ry tot 49 steke in gebruik
is, brei dan nog 10 rye reguit en heg af.

KNOOPSTROOK VIR HALSOPENING:
Stel 19 steke op en brei 10 rye gedraaide
riffelsteek. Heg af.

KNOOPSGATSTROOK: Stel 19 steke op
en brei 4 rye gedraaide riffelsteek.
5e ry: Rif 3, heg 2 ste af, (rif 4, heg 2 ste af) 2
keer, rif 3.
6e ry: Rif 3, stel 2 ste op, (rif 4, stel 2 ste op) 2
keer, rif 3.

Brei nog 4 rye gedraaide rif en heg af.

KRAAG: Stel 71 steke op en brei 5 cm
gedraaide riffelsteek, verminder 1 steek aan
weerskante, 2 keer. Heg af.

SAK: Stel 25 steke op en brei 7 cm gedraaide
riffelsteek. Heg af.

AFWERKING: Borduur kameelperd se
kop links op voorpant met geel en ligbruin,
en borduur oë met swart (raadpleeg diagram).

Plaas knoop- en knoopsgatstrook op-
mekaar in posisie in halsopening en werk
vas, werk onder netjies opmekaar aan afheg-
rand van halsopening vas.

Werk skouer-, sy- en mounate toe. Werk
sak aan voorpant vas sodat kameelperd se
kop bo uitsteek (raadpleeg foto).

Werk kraag in posisie aan halsrand vas, en
begin en eindig aan weerskante van knoop-
en knoopsgatstrook.

OORPAK

BENODIGDHEDE: Ongeveer 150 g wit
Fiesta 4-draad; 'n paar gram elk geel en
bruin bypassende garing om mee te borduur;
'n borduurnaald; 6 knopies.

ALTE SPIEKERIES!


MATE, SPANNING EN AFKORTINGS:
Soos trui.

AGTERPANT: Eerste broekspyp: Stel 29
steke op en brei koussteek tot werk 18 cm
lank is vanaf begin — ongeveer 64 rye.

Vermeerder nou 5 keer 1 steek aan die-
selfde kant in alternatiewe rye. Plaas steke
op 'n reserwenaald en brei tweede broekspyp
op dieselfde manier, maar met ver-
meerdering aan teenoorgestelde kant.

Stel nou 7 steke op en voeg dié in tussen
die twee stelle van 34 steke wat op breinaalde
is, brei oor al die steke tot werk 52 cm lank is
— 187 rye.

Heg dan 24 steke aan weerskante af en
plaas die oorblywende 27 steke op 'n reserwe-
naald.



□ — wit

⊗ — geel

◻ — bruin

⊗ — swart

VOORPANTE: Stel 29 steke op en brei
18 cm koussteek.

Vermeerder nou 5 keer 1 steek aan die-
selfde kant in alternatiewe rye.

Stel 7 steke op om 'n knoopstrook te
vorm, en voeg dit by steke op breinaald, aan
dieselfde kant as vermeerderings.

Brei dié 7 steke steeds in gedraaide riffel-
steek en die res van steke koussteek tot
werk 27 cm lank is vanaf begin van knoop-
strook — 97 rye.

Halsvorming: Heg in volgende ry die 7
riffelsteke af.

Heg in daaropvolgende rye aan halsrand
een keer 4 steke af, verminder dan nog 6 keer
een steek en brei daarna reguit voort tot
werk 52 cm lank is vanaf begin — 187 rye.

Heg oorblywende 24 steke af vir skouer.
Brei tweede voorpant op dieselfde manier,
al die vormings omgekeerd.

MOUE (2): Stel 41 steke op en brei 12 rye
gedraaide riffelsteek.

Slaan oor na koussteek, vermeerder 1
steek aan weerskante van volgende en elke
daaropvolgende 8e ry tot daar 53 steke in
gebruik is; brei dan nog 10 rye reguit en heg al
die steke af.

SAK: Stel 31 steke op en brei 8 cm gedraaide
riffelsteek. Heg af.

AFWERKING: Borduur op linkervoorpant,
ongeveer 35 cm van onder en 6 cm van
sykant af, die kameelperd se kop (raadpleeg
diagram).

Werk skouer-, sy- en mounate toe, maar
laat beennate oop.

Plaas voorpantstroke vanaf kruis oor-
mekaar en werk in posisie vas.

HALSSTROOK: Begin 4 steke vanaf voor-
panttrand, tel altesaam 73 steke uit halsrand
op en eindig 4 steke voor teenoorgestelde
voorpanttrand.

Brei ongeveer 20 rye gedraaide riffelsteek
en heg af.

Vou halsstrook na binne om en werk
netjies vas.

Maak 6 knoopsgatjies, eweredig ge-
spasieer, in knoopsgatstrook.

Werk knope teenoor knoopsgate vas.

Werk sak aan voorpant vas sodat kameel-
perd se kop bo uitsteek (raadpleeg foto).

SKOENTJIES (2): Torring die 58 opstel-
steke los — d.w.s. die steke uit saamgestelde
rand van voor- en agterpant van broekspyp.

Plaas dit só op breinaalde of 'n rondbrei-
naald dat die haknaat, wanneer dit later
toegewerk word, by middelpunt van agter-
kant van broekspyp sal wees.

Brei nou gedraaide riffelsteek en ver-
minder 20 steke oor eerste ry, soos volg:
(r2tes, aw1) 18 keer, (r2tes) 2 keer — 38
steke.

Brei nou 5 cm gedraaide riffelsteek.

Vlg ry: Brei 13 steke en plaas hulle op 'n
haakspeld. Brei 12 steke en plaas oorbly-
wende 13 steke ook op 'n haakspeld. Brei 20
rye koussteek oor middelste 12 steke vir
wreef en knip garing af.

Vlg ry: Plaas 13 steke van eerste haakspeld
oor op breinaald, tel dan 10 steke uit syrand
op, brei die 12 wreefsteke, tel 10 steke uit
teenoorgestelde syrand op, en brei 13 steke
van tweede stekehouer af. Brei 3 rye omge-
keerde koussteek, 4 rye koussteek, dan
weer 4 rye omgekeerde koussteek.

Verminder 1 steek aan weerskante van
volgende 4 alternatiewe rye, maar verminder
terselfdertyd 1 steek aan weerskante van
10 middelste steke in volgende 5 alternatiewe
rye. Ryg 'n stuk garing deur oorblywende
steke om dit in posisie te hou tot dit toe-
gemaas kan word.

AFWERKING: Werk beennate toe. Werk
agternaat van riffelboord af tot agterkant van
soolnaat toe. Maas die 40 soolsteke twee-
twee toe. Draai twee koordjies lank genoeg
om deur riffelstuk by enkel te ryg (raadpleeg
foto) en voor vas te strik.